# Hoofstuk X

...........

## Middelbare Onderwys op Christiana

---

### 1. Inleiding.

Gedurende die republikeinse tydperk het weinige skole in hierdie omstreke onderwys bo st.III verskaf.[1] In 1898 was daar 5 leerlinge in st. IV en 1 in st.V op Christiana;die twee kwekelinge,G.J.K.Smith en W.J.Bosch, is daardie jaar oorgeplaas na st.V.[2] Sover nagegaan kan word het geen leerling st.VI bereik voordat 9 van die leerline 'n Standerd VI-Sertifikaat in 1904 verwerf het nie.[3]

Op 1 Oktober 1902 het die Christianase skool heropen met 4 leerlinge in st.IV wat toe die hoogste standerd in die skool was ;[4] teen 1907 was daar 18 leerlinge in st. VI,2 in st.VII en 7 in st.VIII.[5]

### 2. Die middelbare afdeling 1908 - 1916.

Die raad het 'n voortdurende korrespondensie met die Onderwysdepartement gevoer in sy pogings om 'n aparte middelbare afdeling tot stand te bring op Christiana. Reeds in Maart 1908 is 'n versoek aan die onderwysower-

---

1. Vgl hoofstuk III
2. O.D.Minute Registers 12923/1898
3. Vgl. Christianase Dorpskool : Toelatingsregister
4. Ibid
5. Joernaal van die ChristianaseDorpskool, ged. 14.2.1907

hede gerig "dat Middelbare onderwys op de vroegst mogelike datum aan de Christiana dorpschool verbonden moet worden....zodat de leerlingen minstens tot en met de Matrikulatie Examen opgeleid kunnen worden."[1] Om die behoefte aan hierdie versoek te staaf,het die raad 'n opname laat maak van die leerlinge wat met die ingang van 1909 gebruik sou maak van onderwys bo st.V,maar die getal was sò gering dat die raad moes afsien van sy voorneme om hierdie inskrywings as bewys vir die aanvraag vir middelbare onderwys voor te lê.[2] Nietemin het die raad gedurende die volgende jare herhaaldelik versoek dat meer fasiliteite vir onderwys na st.VI daargestel moet word en in 1912 'n afvaardiging na die Direkteur van Onderwys gestuur om die stigting van 'n hoërskool op Christiana te bepleit.[3]

Op hierdie stadium het die verkryging van 'n middelbare afdeling voor drie struikelblokke gestaan : 'n koshuis,'n gebou om die afdeling te huisves en 'n hoof,wat volgens die raad se oordeel "een gegradueerde persoon met grondige kennis van Hollands en Engels en een hoogst verdienstelyke paedagoog en tuchtmeester moet wezen."[4]

Die raad het nie versuim om die skoolinspekteur,die heer J.H.Corbett,en na hom die heer J.P.Botha, se ondersteuning te kry nie,maar onder die toestande wou nie een van hulle 'n middelbare afdeling aanbeveel nie.[5]

Gedurende 1912 tot 1915,toe daar twee aparte skole op die dorp bestaan het,is weinige vorderinge gemaak wat

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad,Boek 1
2. Ibid
3. Ibid,ged.13.7.1912
4. Ibid,Boek 1
5. Ibid

kon lei tot 'n aparte middelbare afdeling en toen die tyd dat die skole herenig het, het Wêreldoorlog I uitgebreek wat met sy ekonomiese wurggreep ontwikkeling op onderwysgebied gestrem het.

Die volgende statistieke t.o.v. inskrywing toon hoe wisselvallig die getalle was :[1]

| | St.VI | St.VII | St. VIII | St.IX | St.X | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1907 | 18 | 2 | 7 | 0 | 0 | 27 |
| 1908 | 10 | 4 | 4 | 0 | 0 | 18 |
| 1909 | 26 | 3 | 3 | 0 | 0 | 32 |
| 1910 | 18 | 7 | 2 | 0 | 0 | 27 |
| 1911 | 13 | 6 | 7 | 0 | 0 | 26 |
| 1912 | 15 | 8 | 9 | 1 | 0 | 33 |
| 1913 | 29 | 9 | 9 | 0 | 0 | 47 |
| 1914 | 31 | 8 | 13 | 3 | 0 | 55 |
| 1915 | ? | 25 | 6 | 3 | 4 | ? |
| 1916 | Geen gegewens | | | | | |

As gevolg van die tekort aan vloerruimte is die middelbare afdeling (st.VI ingesluit) na die gebou op erf 446 oorgeplaas. Dit het nog onder die hoof van die Verenigde Skool geressorteer, maar sou hoërskoolstatus verkry sodra dit genoegsaam ontwikkel het.[2]

In die rapport oor die werk het die inspekteurs in 1915 daarop gewys dat die nadelige gevolge van die verdeling van die skool in 1912 nog nie uitgewis is nie. "Latyn was oor die algemeen swak, Engels lees en opstelle was uiters swak, maar in wiskunde was die vordering beter en het gemmidelde resultaat is veel bevrediegender."[3]

1. Gegewens geput die die Joernaal van die Verenigde Skool Jaarverslae en J oernaal van die Dorpskool
2. Report for the Year ended 31st December 1917, 62
3. Joernaal van die Verenigde Skool, ged. 23 Nov. 1915

3. Die middelbare afdeling kry hoërskool-status.

In 1917 is die afdeling bedien deur die volgende onderwysers:[1]

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. | J.H.Pienaar (Hoof) | Engels |
| " | C.L.N.Brink | Wiskunde |
| " | W.D.Brink | Hollands |
| " | D.A.L.Naude | Engels en Latyn |
| " | J.A.Oosthuizen | Natuur- en skeikunde |
| " | J.A.Spruyt | Geskiedenis. |

Die inspeksieverslag het op die ondoelmatigheid van die gebou gewys: die lokaal wat vir natuurkundige onderwys gebruik is, was sò klein dat al die leerlinge nie in staat was om die proewe wat uitgevoer is, te volg nie. 'n Nuwe gebou was dringend nodig. Vakonderwys is ten volle gehandhaaf en die onderwysers was goed uitgerus vir hulle taak; ook het die inspekteurs die indruk weggedra dat die personeel entoesiasties in hulle werk was. Daar was 35 leerlinge in die afdeling.[2]

Op 7 Februarie 1918 het die skoolraad kennis gekry dat die middelbare afdeling met ingang van die tweede kwartaal van daardie jaar as hoërskool erken sou word,[3] en na die Septembervakansie het die permanente hoof, dr.H. Gutsche, sy pos aanvaar.[4]

Dr. Gutsche is op 18 Julie 1869 op King Williams Town gebore en daar het hy sy eerste onderwys ontvang. Aan die Gymnasium Hoërskool in Memel, Duitsland, het hy sy studies voortgesit en later het hy aan die Spurgeon College en aan die Halle Universiteit gestudeer. Na verdere studie aan die Universiteit van Leipzig het hy teruggekeer na

1. Joernaal van die Verenigde Skool, Jan. 1917

2. Ibid, ged. 21.5.1917

3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 7.2.1918

4. Joernaal van die Christianase Hoërskool.

Suid-Afrika en die Duitse gemeente van Oos-Londen vanaf 1894 tot 1904 as predikant bedien. In 1912 is hy weer na Duitsland om aan die Universiteit van Erlangen sy doktorsgraad in paedagogiek, filosofie en Engels te behaal. Vanaf 1916 tot September 1918 was hy hoof van die Publieke skool op Steynsburg.[1]

4. Koshuise.

In 1910 het die Onderwysdepartement die aanbou van 'n koshuis in die vooruitsig gestel[2], maar weens die oorlogstoestande moes nà 1914 van die bouplanne afgesien word. Die skoolraad was onvermoeid in sy pogings om koshuisgeriewe daar te stel sodat die hoërskool, die seuns van die distrik as leerlinge kon verkry. Die Impsrial Hotel wat in Forsmanstraat en in die onmiddelikke omgewing van die hoërskool geleë was, is in huur geneem en as koshuis vir 25 leerlinge ingerig.[3] Seuns en dogters moes noodwendig op dieselfde terrein gehuisves word. Mnr. en mev. A.F. Marais het die bestuur van die inrigting op hulle geneem en in hierdie hoedanigheid gedien vir die volgende ses jaar.[4]

Hierdie gebou was nie alleen ondoelmatig nie, maar kon ook nie aan die behoefte van die groeiende behoeftes te van die hoërskool voorsien nie. In 1922 is ñ gebou op erf 450 in gebruik geneem waar 32 dogters onderdak gebring is.[5] Byna 20 jaar het weer verloop, voordat uit-

1. Die Nigel Echo, 28 Sept. 1952
2. Verslag 1910, 262 (Engelse Uitgawe)
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 22.2.1917
4. Ibid, Boek 6
5. Ibid

breiding van die koshuisgeriewe plaasgevind het.[1]

5. Leerlinge en skoolbesoek.

Aangesien dit die enigste hoërskool in Suidwes-Transvaal was in 1919, (Wolmaransstad het in 1920 'n hoërskool en Schweizer-Reneke in 1926 'n middelbare afdeling gekry[2]) het die inrigting sy leerlinge oor 'n groot gebied getrek. Die volgende statistieke toon hoe die inskrywing (sts.VII tot X) toegeneem het :[3]

| | | |
|---|---|---|
| 1917 | .... | 35 |
| 1918 | .... | 53 |
| 1919 | .... | 59 |
| 1921 | .... | 94 |
| 1923 | .... | 160 |
| 1924 | .... | 187 |

Tot 1922 het slegs die Palmietfonteinse en Bloemhofse skole leerlinge vir st.VII inskryf, maar in 1923 is 'n st.VIII-klas aan Bloemhof toegeken.[4] Hierdie toegewing het aan Bloemhof in 1923 'n klas van ongeveer 30 leerlinge in sts.VII en VIII besorg en die Christianase hoërskool afbreuk gedoen.[5] Ook was die inrigting vir sy groei van die plaaslike laerskool afhanklik en as die getal geslaagdes klein was, is die hoërskool se inskrywing nadelig daardeur getref. In 1919 en weer in 1921 was die aantal geslaagdes sò klein dat met die Departement van Onderwys ooreengekom is om 'n aantal druipelinge voorwaardelik oor te plaas.[6] Hulle vordering was sò bevredigend dat nie een van hulle aan die einde van die jaar gedruip het nie.[7] Ook van die naburige skool op Warrenton is leer-

1. Vgl. bladsy 119
2. Jaarverslae 1920 en 1926
3. Gegewens geput uit Jaarverslae .
4. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 6
5. Joernaal van die Christianase Hoërskool, Jan. 1923
6. Ibid, 23 Jan. 1919 en 27 Jan 1921
7. Ibid, Des. 1919 en 1921

linge in sts. VIII tot X ingeskrywe[1], maar dit het spoedig geblyk dat die inrigting vir sy groei op die skoolraadsdistrik aangewys was.

Die hoof het dikwels aangeteken dat die skoolbesoek van die inrigting niks te wense gelaat het nie. Vir die jare waarvoor besonderhede beskikbaar is, word die bewerings deur die volgende syfers gestaaf:[2]

1918 : 46 uit 53

1919 : 58 uit 59

1920 : 93 uit 94

6. Eksamenuitslae.

Die inrigting het nie alleen sy groei oor die eerste jare van sy bestaan aan die noodsaaklikheid van 'n hoërskool te danke gehad nie, maar waarskynlik ook aan die skitterende uitslae in die openbare eksamens aan die einde van die derde en vierde jare van die hoërskoolloopbaan. Die volgende syfers toon die uitslae van genoemde eksamens :[3]

| Jaar | Vorm IV | Slaag | Vorm V | Slaag |
|---|---|---|---|---|
| 1918 | 8 | 5 | 4 | 3 |
| 1919 | 8 | 8 | 5 | 3 |
| 1920 | 20 | 16 | (25% gedruip) | |
| 1921 | 26 | 20 | 17 | 11 |
| 1922 | 28 | 23 | 26 | 25 |

Die gunstige uitslae was nie alleen die gevolg van gewetensgetroue werk van die personeel en die bekwame kontrole van die hoof nie, maar ook die gevolg van

1. Vgl. Toelatingsregister van die Christianase Hoërskool

2. Jaarverslae

3. Gegewens geput uit die Joernaal van die Christianase Hoërskool

ekstra lesure wat na 'n bestudering van die uitslae van die driemaandelikse toetse vir die swak leerlinge op Saterdae gereël is.[1]

7. Ander aspekte van die skool se bedrywighede.

Die skoolleve van die leerlinge is aangevul deur die gewone afdelings van sport soos voetbal en korfbal.

Behalwe die openbare debatsvereniging waaraan hoërskoolleerlinge kon deelneem, het die skool 'n eie debatsvereniging georganiseer wat om die ander week vergader het.[2]

Aangesien sang nie sy regmatige plek in die leergang gekry het nie, het die hoof 'n spesiale sangklas vir die leerlinge van vorms IV en V ingestel. Hierdie byeenkomste het later ook geleentheid gebied vir die beoefening van die voordragkuns en die voorganger geword van die kunsvereniging wat later die kern van die kunswedstryde vir die verre Wes-Transvaal geword het.[3]

( Die inspeksieverslae van die skool gedurende die tydperk wat dr. Gutsche hoof was, is nie in die joernaal ingeskrywe nie en het waarskynlik verlore gegaan)

8. Die hoërskool onder die heer W.D. Brink.

Dr. Gutsche is bevorder tot die inspektoraat met ingang van die derde kwartaal 1923 en is opgevolg deur die heer E.H. Langenhorst wat die prinsipaalspos vir anderhalf jaar beklee het.[4] Die heer W.D. Brink wat sedert 1916 op die personeel van die middelbare afde-

1. Joernaal van die Christianase Hoërskool, Jan. 1920

2. Meegedeel deur verskeie oud-leerlinge van die skool, mev. F.E. Buys, mnr. J. du Toit.

3. Blank en Blou 1944, 27

4. Joernaal van die Christianase Hoërskool, 1923 en 1924

ling gedien het, is bevorder tot hoof en hy het die inrigting in hierdie hoedanigheid gedien vir die volgende 17 jaar.[1]

a. Geboue en terrein.

Die nuwe skoolgebou op erwe 59 - 62 is op die openingsdag van die eerste kwartaal 1924 betrek.[2] Aangesien 'n daling in die inskrywing ingetree het[3], was die ruimte voldoende vir die volgende jare. Met ingang van 1944 is die st.VI leerlinge van die plaaslike laerskool na die hoërskool oorgeplaas en sedertdien beloop die inskrywing ongeveer 300.[4]

Die skoolterrein het aanvanklik vier erwe beslaan, maar in 1942 is nog twee aangekoop[5] sodat voetbalvelde, korfbalbane, tennis- en jukskeibane aangelê kon word. Nadat voorsiening gemaak is vir 'n voldoende watervoorraad is blomtuine, grasperke en sierbome aangeplant.

b. Leervakke.

Hoewel die inskrywing gedurende die jare 1926 tot 1930 aanmerklik gedaal het, het die personeelsterkte onveranderd gebly en die aantal leervakke is uitgebrei deur die toevoeging van landbou en houtwerk vir seuns en kookkuns vir meisies.[5] Om van landbou 'n praktiese onderwerp te maak, is drie watererwe aangekoop. In 1927 moes die leervakke in Engels (hoër) en Latyn afgeskaf word omdat die beskikbare leerkragte nie 'n wyer keuse toegelaat het nie.[6]

d. Koshuise.

Die beskikbare koshuisgeriewe het die inrigting

1. Notules van die Bloemhofse Skoolraad, Boeke 8-12
   Joernaal van die Christianase Hoërskool 1926-1944
2. Joernaal van die Christianase Hoërskool 1924
3. Jaarverslae 1926- 1934
4. Jaarverslae 1944- 1945
5. Notule van die Beherende Liggaam, Chr. Hoërskool
6. Joernaal van die Christianase Hoërskool 29 Jan. 1927

se groei tot 'n mate gestrem en hoewel die beherende liggaam yweriq opgetree het om verbetering te verkry, het dit tot 1941 geduur voordat die nuwe geboue,die Vanduynkoshuis waaraan £61,000 bestee is op 'n ruim perseel aan Voortrekkerstraat,in gebruik geneem kon word.[1] Seuns en meisies is weer op dieselfde perseel gehuisves, maar daar word vooruitgesien na verbeterings in hierdie leemte.

d. "Blank en Blou".

Die skool het 'n belangrike prestasie gelewer toe die eerste uitgawe van sy jaarblad, "Blank en Blou," in 1939 die lig gesien het. Dithet 40 bladsye beslaan en o.a. opstelle in Afrikaans,Engels en Duits,gediggies, sportverslae en artikels oor verskillende onderwerpe bevat.[2]

In 1943 het die inrigting sy kwarteeuse bestaan gevier. In die voorwoord het die heer Theo W.Jandrell,inspekteur van onderwys,die skool geluk gewens met die inhoud van die blad en die redaksie verseker dat "die inhoud van vorige uitgawes nog altyd die alleraangenaamste indrukke by die leser verwek."

e.Inspeksieverslae.

Die inspeksierapport van 1927 was sò gunstig dat die beherende liggaam aan die hoof en personeel 'n skrywe van gelukwensing en waardering gerig het.[3]

Die rapport het o.a. gemeld: "Wat besonder meeval is dat 'n plekkie ingeruim is vir sang;dat die kadetkorps sterk ontwikkel en vir liggaamsoefeninge voor-

1. Joernaal van die Christianase Hoërskool ged.27.7.1941
2. Blank en Blou 1939
3. Joernaal van die Christianase Hoërskool 14.10.1927

siening maak.Ook bestaan 'n 'Rooikruis-afdeling' aan die werksaamhede waarvan die hele skool deelneem."[1]

In 1930 het die inspekteurs die belangstelling van die personeel in die buitemuurse bedrywighede van die skool aangeprys.Die onderwysers het almal hulle deel bygedra om die lewe van die skoliere aan te vul en te veraangenaam.Daar was voorsiening gemaak vir somer- en wintersport. T.o.v. landbouonderwys is die volgende aan die hand gedoen : die uitgangspunt moet wees die grond en gewasse en hulle behoeftes en vereistes. Die leergange van die verskillende standerds moet sò ingerig wees dat hulle aaneensluit en 'n geheel uitmaak.[2] Daar is ook aan die hand gedoen dat die verskillende klaskamers soveel moontlik as "onderwerpkamers" ingerig word waar die nodige atmosfeer deur versiering,illustrasies en hulpmiddels geskep kan word.[3]

As gevolg van personeelverwisselings gedurende 1933 moes die inspeksieverslag op die nadelige uitwerking daarvan op die onderwys van Afrikaans wys.Die hoof het die posisie gered deur self die vak vanaf st.VIII waar te neem en as hierdie reëling deurgevoer word,kon groot verwagtings gekoester word.

In verband met die onderwys van metesis is aan die hand gedoen dat indien moontlik moes die vak in die hande van hoogstens twee onderwysers gelaat word sodat eenvormigheid van metodes beter resultate in die hand gewerkkon word.

Die goeie gees tussen leerkragte en leerlinge is

1. Joernaal van die Christianase Hoërskool ged. 14.10.'27

2. Ibid 28.9.1930

3. Ibid

aangeprys,maar daar kon meer gedoen word om deur sindelikheid op die skoolterrein,netheid in dieklaskamers en algemene ordelikheid hierdie eienskappe as karaktervormende faktore aan te wend.[1]

Teen 1937 is 'n begin gemaak met die inruim van vakkamers,maar op die noodsaaklikheid van uitbreiding is weer gewys. 'n Tak van die Voortrekkerbeweging is in die lewe geroep en is goed ondersteun.Een van die onderwysers het die organisasie van die C.S.V.-tak op hom geneem,en verdienstelike werk word op hierdie gebied gedoen.Sedert die vorige inspeksie is die onderwys van Engels aan een onderwyser opgedra en om die onderwys van hierdie vak doeltreffender te maak,is die gebruik van 'n vakkamer weer beklemtoon.Die skool het nog nie oor 'n leeskamer beskik nie en die gevolglike verspreiding van die bibliotekboeke in die verskillende klaskamers was ongewens.[2]

Die inspekteurs was van oordeel dat die onderwysers meer geesdrif aan die dag gelê het in 1937 as gedurende die vorige jaar;hulle het die skriftelike werk van die leerlinge getrouer nagesien en die hoof "het vaster ingegryp in die hele organisasie van sy skool." Die peil wat in die leervakke behaal is,was bevredigend.[2]

f. Die heer Brink tree af.

In Junie 1943 het die heer Brink afgetree nadat hy vir meer as 27 jaar as onderwyser en hoof op Christiana opgetree het. In sy plek is die heer N.G.Alant gesekondeer en hy het die permanente aanstelling aan die begin van 1944 aanvaar.[3]

1.Joernaal van die Christianase Hoërskool ged. 11.10.1933
2. Ibid,ged. 19.10.1937
3. Ibid, Jan. 1944

D.Samevatting.

Gedurende die republikeinse tydperk is weinig tot stand gebring om middelbare onderwys 'n plek te gee in die onderwys van hierdie gebied. Reeds in 1908 het die skoolraad hom die mikpunt gestel om 'n middelbare afdeling vir Christiana te verkry en nadat dit tot stand gekom en hoërskool-status verkry het,het die inrigting met rasse skrede vooruitgegaan,Skoolgeboue en koshuise is mettertyd in gebruik geneem,maar teen die einde van 1945 het baie onontbeerlike geriewe nog ontbreek.